SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 9 Maart 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

ARGUS FIETSTOERDEELNEMERS NEEM ASSEBLIEF KENNIS.

WEER 'N MOTORFIETSONTBYTRIT

NUWE WET OM AMATEURRADIO IN VSA TE BEVEILIG

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio aan news@sarl.org.za nie later as die Donderdag wat die bulletin vooraf gaan, in te stuur. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

ARGUS FIETSTOERDEELNEMERS NEEM ASSEBLIEF KENNIS.

Op Sondag 16 Maart vind die jaarlikse Argus fietstoer in en om die Kaapse Skiereiland plaas. Hierdie fietstoer lok jaarliks meer as 29 000 deelnemers vanuit die binneland na Kaapstad. Op Saterdag 15 Maart hou die Boland Amateurradioklub 'n ledevergadering, gevolg deur 'n bring-en-braai. Die BARK nooi graag alle radioamateurs wat ook aan die Argusfietstoer kom deelneem, om die Saterdagmiddag gesellig saam met die Bolandspan te kom verkeer. Die byeenkoms is op die wingerdplaas van Olivier ZS1OLI, geleë in die Agter-Paarl. Die byeenkoms skop af om 11:00 met die braai so teen 12:30. 'n Inroep sal op die 145,750 herhaler plaasvind of u kan vir Rassie ZS1YT skakel by 083 414 2606 vir rigtingaanwysings.

WEER 'N MOTORFIETS-ONTBYTRIT

Na die suksesvolle motorfietsontbytrit gehou op die 2de Maart, is 'n tweede een gereël vir Sondag 6 April vir alle belangstellende motorfietsryers wat ook amateurradio-operateurs is. Daar word by die NARS om 07:45 bymekaar gekom en om 08:00 vertrek na Magaliesburg vir ontbyt. Enigeen wat belangstel moet asb met Ray Webber in aanraking kom by zs6rsw@global.co.za of 082 491-8758.

NUWE WET OM AMATEURRADIO IN VSA TE BEVEILIG

Die Amateurradio Spektrumbeveiligingswet van 2003 is nou by albei die huise van die VSA se Kongres ingedien. Die maatreels, wat 'n ARRL-inisiatief is, is al twee keer tevore by die Kongres ingedien. Die ARRL se president Jim Haynie, W5JBP, glo dat dit hierdie derde keer die paal sal haal.

ONDERSTEUNING GROEI VIR 40-METER BELYNINGSPLAN

Met die Wêreld RadiokommunikasieKonferensie 2003 (WRC-03) wat oor omtrent drie maande in Geneve begin, groei die ondersteuning vir twee gunstige voorstelle vir 'n 300 kHz wêreldwye 40 meter toewysing. Die ARRL en die Internasionale Amateurradiounie (IARU) soek die terugkeer van die 300 kHz toekenning wat voor die tweede Wêreldoorlog wêreldwyd bestaan het maar wat nou slegs in die Amerikas bestaan. Afgevaardigdes aan die WRC-03 sal poog om die oorvleueling op 40 meter tussen amateurs in die Amerikas (Streek 2) en uitsaaiers elders (Streke 1 & 3) aan te spreek en moontlik te elimineer.

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE TYDENS KRIEKET WêRELDBEKER-TOERNOOI

Onthou om 'n poging aan te wend om kontak te maak met ZS03CWC, die spesiale geleentheidstasie wat tot 23 Maart op alle bande deur die Oakdaleklub bedryf word.

ZS-stasies kan QSL's stuur aan ZS03CWC, Posbus 2132, BELLVILLE, 7535, en DX-stasies kan dit stuur aan ZS1AU by QRZ.COM. Sluit asb 'n gefrankeerde koevert met u eie adres in vir 'n spesiale QSL-kaart wat na die 23ste Maart beskikbaar sal wees.

ZS6VOS ALGEMENE JAARVERGADERING 2003

Die 2003 Algemene jaarvergadering vir die ZS6VOS klublede en oudklublede sal om 10:00 op Saterdag 5 April te Sonneblomstraat 24, Visagiepark, Nigel gehou word.

Voorstelle vir die agenda kan gefaks word na 011 814 2835.

Kontakpersone is Chris by 083 543 5668, Harry by 082 454 4658 en Gideon by 083 672 7754.

Die AJV word gevolg deur 'n bring en braai met eie verversings, eetgerei en eetgoed.

VERANDERINGS IN FREKWENSIE EN TYD VAN ARMI-UITSENDINGS

Vanaf 30 Maart sal die uitsending van Amateur Radio Mirror International om 10:00 SAT op 17815 kHz en 9750 kHz geskied in plaas van 21560 kHz. Vanaf 31 Maart sal die heruitsending op Maandagaande om 21:00, di een uur later as tans, plaasvind maar die frekwensie sal onveranderd 3215 kHz bly.

Hierdie bulletin is saamgestel deur Gustav, ZS6BWN en gelees deur …… vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750 en 7082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX